VOLKSPELE (B)

Graad 3

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Met die tradisies en die kultuur van die Afrikaner vertroud te maak.
2. Te laat besef dat Volkspele, net soos moderne danse, pret kan wees.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet waar Volkspele oorspronklik vandaan kom.
2. Weet hoe lyk die klere van Volkspelers en die korrekte benaminge ken.
3. Die liedjies van minstens vier danse aanleer.
4. Die bewegings van die vier danse netjies en korrek kan uitvoer. (Raadpleeg Volkspele Erfenis)
5. Minstens drie instrumente wat tradisioneel by Volkspele gebruik word, kan noem en identifiseer.
6. Deelneem aan ‘n geleentheid waar die vier danse aan ouers en vriende gedemonstreer word. Seuns moet langbroeke en dogters wye rokke of rompe vir hierdie geleentheid dra.

C AANBIEDING

1. Die Offisier kan self die navorsing vir die aanbieding doen, of raadpleeg iemand wat by die Volkspele Beweging betrokke is.
2. Indien die groep die liedere en danse vinnig aanleer, kan u hulle gerus meer leer.
3. Die boek Volkspele Erfenis is beskikbaar by Volkspele beweging.
4. Instrumente wissel geweldig soos wat tye verander. Behandel instrumente in ‘n sekere tydperk.